THE PROVINCE OF GAUTENG

DIE PROVINSIE GAUTENG

GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT

# Provincial Gazette Extraordinary
# Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price: R1,75 ◇ Other countries: R2,25
Verkoopprys: R1,75 ◇ Buitelands: R2,25

Vol. 1 PRETORIA, 4 AUGUST / AUGUSTUS 1995 No. 59

## PROCLAMATION • PROKLAMASIE

## PROCLAMATION

**No. 35 (Premier's), 1995**

LOCAL GOVERNMENT TRANSITION ACT, 1993

(ACT No. 209 OF 1993)

**POWERS AND DUTIES OF TRANSITIONAL METROPOLITAN COUNCILS AND TRANSITIONAL METROPOLITAN SUBSTRUCTURES**

Under section 8 (2), read with section 10 (1) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), I hereby, with the concurrence of the Provincial Committee, determine the powers and duties of transitional metropolitan councils and transitional metropolitan substructures to be those mentioned in Annexure A and B, respectively.

Premier's Proclamations Nos. 24 of 1994, 38 of 1994, 2 of 1995 and 3 of 1995, shall be deemed to be amended in so far as they are inconsistent with this Proclamation.

This Proclamation shall come into operation on the date of the local government elections determined in terms of section 9 (2) of the Local Government Transition Act, 1993.

Given under my Hand at Johannesburg this Twenty-ninth day of July, One thousand Nine hundred and Ninety-five.

**T. SEXWALE,**
**Premier-in-Executive Council.**

## PROKLAMASIE

**No. 35 (Premiers-), 1995**

OORGANGSWET OP PLAASLIKE REGERING, 1993

(WET No. 209 VAN 1993)

**BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN METROPOLITAANSE OORGANGSRADE EN METROPOLITAANSE OORGANGSUBSTRUKTURE**

Kragtens artikel 8 (2), gelees met artikel 10 (1) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), bepaal ek hierby, met die instemming van die Provinsiale Komitee, dat die bevoegdhede en pligte van metropolitaanse oorgangsrade en metropolitaanse oorgangsubstrukture daardie gemeld in onderskeidelik Aanhangsel A en B is.

Premiers Proklamasies Nos. 24 van 1994, 38 van 1994, 2 van 1995 en 3 van 1995, word geag gewysig te wees in sover hulle met hierdie Proklamasie strydig is.

Hierdie Proklamasie tree in werking op die datum van die plaaslike regeringverkiesings ingevolge artikel 9 (2) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993.

Gegee onder my Hand te Johannesburg, op hede die Nege-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Vyf-en-negentig.

**T. SEXWALE,**
**Premier-in-Uitvoerende Raad.**

## ANNEXURE A

**Powers and duties of Transitional Metropolitan Councils**

1. Bulk supply of water.
2. Bulk supply of electricity.
3. Bulk sewerage purification works and main sewerage disposal pipelines for the metropolitan area.
4. Metropolitan co-ordination, land usage and transport planning.
5. Arterial metropolitan roads and stormwater drainage.
6. Passenger transport services.
7. Traffic matters.
8. Abattoirs.
9. Fresh produce markets.
10. Refuse dumps.
11. Cemeteries and crematoriums.
12. Ambulance and fire brigade services.
13. Hospital services.
14. Airports.
15. Civil defence.
16. Metropolitan librariers.
17. Metropolitan museums.
18. Metropolitan recreation facilities.
19. Metropolitan environment conservation.
20. Metropolitan promotion of tourism.
21. Metropolitan promotion of economic development and job creation.
22. The establishment, improvement and maintenance of other metropolitan infrastructural services and facilities.
23. The power to levy and claim—

(a) the regional services levy and the regional establishment levy referred to in section 12 (1) (a) of the Regional Services Councils Act, 1985 (Act No. 109 of 1985);

(b) levies or tariffs from any transitional metropolitan substructure in respect of any function or service referred to in items 1–22; and

(c) an equitable contribution from any transitional metropolitan substructure based on the gross rates income of such transitional metropolitan substructure.

24. The receipt, allocation and distribution of intergovernmental grants.
25. The power to borrow or lend money, with the prior approval of the Premier, for the purposes of or in connection with the exercise or performance of any lower or duty.

## ANNEXURE B

**Powers and duties of Transitional Metropolitan Substructures**

The powers and duties pertaining to local government, excluding local government powers and duties to be executed by Transitional Metropolitan Councils.

## AANHANGSEL A

**Bevoegdhede en pligte van Metropolitaanse Oorgangsrade**

1. Grootmaat-watervoorsiening.
2. Grootmaat-elektrisiteitsvoorsiening.
3. Grootmaat-rioolsuiweringswerke en hoofrioolafvoergeleidings vir die metropolitaanse gebied.
4. Metropolitaanse koördinering, grondgebruik- en vervoerbeplanning.
5. Metropolitaanse hoofpaaie en stormwaterdreinering.
6. Passasiersvervoerdienste.
7. Verkeersaangeleenthede.
8. Abattoirs.
9. Varsproduktemarkte.
10. Vullisstortingsterreine.
11. Begraafplase en krematoriums.
12. Ambulans- en brandweerdienste.
13. Hospitaaldienste.
14. Lughawens.
15. Burgerlike beskerming.
16. Metropolitaanse biblioteke.
17. Metropolitaanse museums.
18. Metropolitaanse ontspanningsgeriewe.
19. Metropolitaanse omgewingsbewaring.
20. Metropolitaanse bevordering van toerisme.
21. Metropolitaanse bevordering van ekonomiese ontwikkeling en werkskepping.
22. Die vestiging, verbetering en instandhouding van ander metropolitaanse infrastruktuurdienste en fasiliteite.
23. Die bevoegdheid om—

(a) die streeksdiensteheffing en die streeksvestigingsheffing bedoel in artikel 12 (1) (a) van die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet No. 109 van 1985), te hef en te vorder;

(b) heffings of tariewe van 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur ten opsigte van 'n werksaamheid of diens bedoel in items 1–22 te hef en te vorder; en

(c) 'n billike bydrae van 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur te hef en te vorder, gebaseer op die bruto of belastinginkomste van so 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur.

24. Die ontvangs, toewysing en verspreiding van interowerheidstoekennings.
25. Die bevoegdheid om met die voorafverkreë goedkeuring van die Administrateur geld te leen of uit te leen vir die doeleindes van of in verband met die uitoefening of verrigting van 'n bevoegdheid of plig.

## AANHANGSEL B

**Bevoegdhede en pligte van Metroplitaanse Oorgangsubstrukture**

Die bevoegdhede en pligte betreffende plaaslike regering, uitgesonderd plaaslike regerings bevoegdhede uitgeoefen te word deur Metropolitaanse Oorgangsrade.

## CONTENTS

| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **PROCLAMATION** | | |
| 35 | Local Government Transition Act (209/1993): Powers and duties of transitional metropolitan councils and transitional metropolitan substructures | 1 | 59 |

## INHOUD

| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **PROKLAMASIE** | | |
| 35 | Oorgangswet op Plaaslike Regering (209/1993): Bevoegdhede en pligte van metropolitaanse oorgangsrade en metropolitaanse oorgangsubstrukture | 1 | 59 |

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the **Transvaal Provincial Administration**, Pretoria
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die **Transvaalse Provinsiale Administrasie**, Pretoria